

# Jesus verander als... en dit verander als!

Kolossense 3:1-11

## Inleiding

- 'n Straatkind sit op die sypaadjie en kyk hoe die perdekarre verbygaan.
  - Sy hare en vel en klere is maar net verskillende skakerings bruin.
    - Hy stink van te min bad.
  - Hy is 16.
    - Hy weet al te veel van die lewe af, maar nog niks van regtig lewe nie.
  - Hy weet ook nie van tafelmaniere of hande was nadat jy in die badkamer was nie.
    - Hy weet nie van 'n badkamer nie.
  - Hy weet nie die f-woord is 'n vloekwoord nie,
    - hy dink dis maar net 'n sinoniem vir baie.
- Toe kom die koning verby en stop met sy spierwit perd voor die kind.
  - Die kind sien dit en probeer met sy vuil hande sy vuil gesig skoonvee.
    - Dit werk natuurlik nie.
  - Die koning besluit om die kind aan te neem
    - en tel hom agter op sy perd en ry verder deur die stad tot binne die mure van sy paleis.
  - Hy laat die kind bad, sny sy hare en trek vir hom skoon klere aan.
  - Hy kondig in sy koninkryk af dat hierdie kind van nou af sy prins is
    - en dat niks dit kan verander nie.
- Hulle gaan sit die aand in die koninklike eetsaal.

- Die kos lyk baie en dit lyk lekker.
- Die kind val weg en vreet soos 'n vark.
  - Hy sien die mes en vurk maar weet nie waarvoor dit is nie.
- Nadat hy water uit die glas uit geslurp het vee hy sy hande aan die tafeldoek af
  - en roep uit... die kos is baie lekker.
  - Hy gebruik die sinoniem.
- Die koning staan op en kom sit langs die kind en sê:
  - “Jy is nou deel van my koningshuis.
    - Ek het jou verklaar as my prins en niks gaan dit verander nie.
  - Wat jy nou moet leer is
    - om oor jouself te dink as 'n prins.
    - En om op te tree soos 'n prins...
    - want ek gaan jou al hoe meer verander in 'n ware prins.
  - Jou ou lewe is verby, jou nuwe lewe het begin
- Ek verander als, maar nou gaan als vir jou verander”.
- Die kind kyk op in die vasberade koning se liefdevolle oë in, en hy knik.
  - Hy weet hy het vêr om te gaan om 'n volwaardige prins te wees...
  - maar op grond van wat die koning gedoen het,
    - weet hy dat hy ook klaar 'n prins is.
  - Terwille van hierdie koning en die eer van die koningshuis,
    - wil hy graag word... dit wat hy nou klaar is.
- Jesus verander als
  - wat jy oor jou eie sonde dink
  - en wat jy oor godsdiens dink...

- en dit behoort als in jou lewe te verander.
- Als verander hoe jy oor jou eie oplossings vir sonde dink
  - as jy ontdek dat Jesus groot genoeg is om genoeg te wees vir jou sonde (Kol 1:15-23).
- Als verander wat jy oor godsdiens dink
  - as jy ontdek dat jy nie in 'n sisteem hoef te werk nie omdat Jesus klaar gewerk het (Kol 2:6-23).
- Dis wat ons tot nou toe uit Kolossense geleer het.
- Party mense sal sê
  - hierdie goeie nuus, hierdie evangelie,
  - is die perfekte verskoning vir Christene om maar net verder te lewe soos nie-Christene:
    - saamslaap, dronk word, vloek...
  - Jesus doen mos als...
    - Ons sal selfs Paasfees vier en paaseiers eet
    - Maar nie in my lewe verander nie.
- Maar as jy begryp dat
  - Jesus se werk 'n verandering aan jou identiteit gemaak het,
    - soos die straatkind...
  - behoort dit ook te verander hoe jy oor jouself dink
  - en behoort als in jou lewe stadig maar seker verander.
- Dis waaroor Kolossense 3:1-11 gaan.
- Hier word verduidelik
  - hoe egte Christene oor hulleself behoort te dink
  - dat hulle daarom hulle lewens anders behoort te benader,
  - want God se doel is meer as jou redding.

- Ons vier vandag Paasfees...
  - Dit is die hoogtepunt van Christenskap
  - Maar beslis nie die eindpunt nie...
  - Op 'n manier die beginpunt

[Lees teks]

## Hoe egte Christene oor hulleself moet dink

- As vers 1 sê
  - dat 'n Christen moet strewen na die dinge wat daarbo is waar Christus is
- en vers 2
  - dat Christene hulle gedagtes moet rig op die dinge wat daarbo is,
  - is dit dieselfde as om vir daardie nuwe prins in sy kamer te sê:
    - “Kyk, besef nou als het verander... en daar buite is jou nuwe pa wat jou lewe in 'n nuwe rigting gaan stuur.
    - Noudat jy hier is,
      - moet jy v1 - **soek vir** en hard werk aan as wat te make het met prinswees,
      - moet jy v2 - mooi dink en jou **strategie** uitwerk om hierdie nuwe dinge deel te maak van jou lewe.
- En dit moet gebeur, sê vers 2,
  - in plaas daarvan om nou te sit en top oor die lewe wat jy agter gelos het.
  - Daardie straatkind moes heeldyd dink oor steel en lieg vir versorging en liefde,
    - maar dis mos nou nie meer nodig nie.

- Want, sê vers 3,
  - die vorige 'jy' is dood in God se oë
  - en die nuwe 'jy' is in Jesus veilig weggebêre in God self.
    - Al kan jy nie noodwendig mōreoggend die verskil in jouself sien as jy in die spieël kyk nie,
    - sê vers 4 dat eendag wanneer Jesus weer kom,
      - sal die verskil in jou wel gesien kan word.
- As jy 'n Christen is, is jy klaar aangeneem en veilig toegevoeg in God.
  - Maar dis nie iets om nou te vergeet nie
  - Dis iets om jou kop om te probeer keer
    - sodat jy kan begin uitwerk wat dit in jou lewe verander.

## **Hoe egte Christene hulle persoonlike lewens moet benader**

- As jy jou kop daar rondom begin kry, gaan als verander:
- Vers 5 sê dat daardie straatkind al sy ou maniere van probeer oorleef
  - nou aan die keel moet vat
  - en een vir een hulle nekke moet omdraai.
    - Wurg tot dit ophou skop en uiteindelik dood is.
- Seksuele onsedelikheid moet dood.
- Onreinheid – wat vuil maniere is... moet dood.
- Wellus – 'lust' in jou kop, op jou screen en in jou grappies moet dood.
- Slegte begeertes – slegte motiewe... moet dood.
- Gierigheid vir wat ander het... moet dood.

- Dis mos dan tipies die dinge wat God haat en gestraf word in mense wat nie sy kinders is nie (v6).
  - Dis juis die lewe waarin jy was en waaruit jy gehaal is (v7).
  - Om dan daarin aan te hou lewe is mos glad nie OK nie.
  - Hierdie is 'n groot siekte in Christenskap vandag. als is mos maar ok.
  
- Maar wag... daar's meer...
  - terwyl jy besig is,
  - is daar nog dinge wat ook eenkant toe gegooi moet word
    - soos ou vuil klere wat jy uitgetrek het:
  
- Woede - waarmee jy ander probeer intimideer
- Haat - waardeur jy eintlik net jou diep seer probeer toemaak
- Nydig - gemeenheid waarmee jy ander wil seermaak
- Vulgêre vuil woorde - om jou woordeskat krag te gee
- En leuens - waardeur jy dinge in jou guns probeer swaai.
  
- Dit klink basies soos:
  - Binnelanders,
  - Game of Thrones
  - En Bold and the Beautiful
  - Alles in een gerol
  
- En dalk besef jy dis die boublokke van jou eie lewe.
  
- As jy nie 'n Christen is nie,
  - is dit al wat jy het om te probeer oorleef.
  - Want jy het niks of niemand anders wat jou versekering kan gee dat jy die lewe gaan oorleef nie.

- Maar as jy 'n Christen is,
  - aangeneem is deur die Koning van die heelal,
  - is dit die dinge wat hoort by jou ou lewe
    - en waarvan jy jou moet bekeer.
  - Dis die dinge wat jy moet nekomdraai en soos ou klere weggooi...
    - nie sodat jy sy kind kan word nie...
    - maar omdat Hy jou in enorme genade sy kind gemaak het
    - want Hy het 'n groter doel wat baie meer is as net jou redding.

## **God se doel is meer as jou redding**

- God se doel is om elke aanneem kind
  - weer al hoe meer soos Hyself te laat lyk, sy Beeld,
  - en dat elke aanneem kind Hom weer ken
    - soos hulle bedoel was om Hom te ken.
  - Om weer prinse en prinsesse in sy paleis te wees.
- En dit sal een groot getuienis wees van God se goedheid
  - soos wat hy dooie niks werd mense lewe gee
  - sonder dat hulle dit verdien
  - en hulle weer laat groei in 'n verhouding met Hom.
- God bereik nie sy doel as Hy jou gered het nie...
  - die doel word bereik as jy weer al hoe meer God se goedheid en glorie in Vanderbijl bekendstel
  - deur self in die harde pad van hierdie lewe werklik te verander

- omdat jy werklik verstaan dat jy werklik 'n nuwe identiteit het.
- Vers 11 verduidelik dan hoe God
  - vir hierdie proses en doelwit
  - enigiemand van enige plek af kan gebruik
    - want dit gaan in elkgeval nie oor wie jy is en waar jy vandaan is nie
    - maar oor Jesus.
  - Self jou, vandag, soos jy is!
- Jesus wat groot genoeg is en genoeg gedoen het om alles in almal te wees
  - ...en dit verander als in enige iemand se lewe.
- Dis wanneer ek my gedagtes daarmee besig hou, volmaak en daarna strew
  - Dat ek binne in my ontdek wat die dinge is waarvan ek moet wegdraai.
  - Waar ek moet omkeer en bekeer.
  - En as ek bly onthou dat Hy my in sy liefde vashou en dra
    - Dat ek al hoe minder op hierdie dinge staatmaak om my vas te hou en te dra.
- Bekering is iets wat
  - binne-in jou gebeur
  - en met jou hele lewe gebeur.
  - Bekering is die binne-ratte van Christenwees,
    - ratte wat aanhou draai,
    - weg van jou ou identiteit en lewe
    - na jou nuwe identiteit en jou nuwe lewe...
  - Met Jesus wat daar alles is... in almal.
    - En binne in jou



- Word God weer sienbaar vir mense
- Ons vier vandag Paasfees...
  - Wees bly, wees dankbaar
  - Dit is die hoogtepunt van Christenskap
  - Maar beslis nie die eindpunt nie...
  - Op 'n manier die beginpunt

## Slot

- Deur sy dood en opstanding
  - neem Jesus vuil kinders soos ons aan
    - Hy is groot genoeg om genoeg te wees;
    - En het genoeg gewerk sodat jy nie hoef te werk nie.
- Jesus verander als wat jy oor
  - jou eie sonde dink
  - en wat jy oor godsdiens dink...
    - maar dit behoort als in jou lewe te verander.
- Dink anders oor wie jy is,
  - lewe anders...
  - want God het gered om jou weer as sy verteenwoordiger in sy wêreld te gebruik.
- Vir Christene is Jesus
  - alles
  - en in enigiemand.

**Amen**

Griffel van Wyk  
Vanderbijlpark  
22 Maart 2015